## 6 September Johannes 6:24-40 (6:37b)

### *Nie verwerp nie*

Een van die dinge wat ons die meeste in die lewe vrees is om verwerp te word.

Om verwerp te word beteken om nie aanvaar te word nie, om verstoot te word, om afgewys en weggestoot te word. Niks wek groter vrees as die vrees vir verwerping nie. Niks doen meer skade as verwerping nie. Niks maak seerder as verwerping nie. Een of ander tyd kry almal van ons in die lewe te doen met verwerping deur mense, en dit word deur ons as baie onaangenaam ervaar.

En dit laat sulke diep letsels op die mens se siel agter sodat die vrees ontstaan: Sal die Here my nie ook maar uiteindelik vanweë my sonde verwerp nie? Kan die Here my as sondige mens aanvaar?

Kyk wat sê onse Here Jesus Christus: "...Ek sal hom wat na My toe kom nooit verwerp nie."

In ons Afrikaanse teks staan daar die woordjie "nooit". In die Griekse teks staan dit eintlik baie sterker. Ons het hier te doen met die dubbele negatief, wat letterlik lees: "Nooit, nooit!"

"Ek sal hom wat na My toe kom nooit nooit verwerp nie".

Wat 'n heerlike versekering.

Ons sal nooit, maar nooit verwerp word as ons met ons sonde na ons Here Jesus Christus toe gaan nie. Aan die begin van vers 37 het ons te doen met die uitverkiesing: "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom".

Omdat die Vader (ons) gee, kom ons na Christus toe. As die Vader nie (ons) gegee het nie, sou ons nooit na Christus toe gekom het nie. Die feit dat ons ons toevlug na Christus toe neem is reeds bewys en versekering van ons uitverkiesing. En asof dit nie al klaar genoeg is nie, onderstreep onse Here Jesus Christus die heerlike troos van ons uitverkiesing deur te sê: "En Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie".

Is daar 'n heerliker boodskap as juis dit vir die gelowige kind van die Here wat nooit bang is om verwerp te word?

Sing: Psalm 71:14 Ds. M.P. Harris (Witbank-Suidoos)